Indaba-koerant woel jaarliks

Entrepreneurstorie
Antoinette Slabbert

Die jaarlikse toerisme-indaba in Durban is altyd 'n miernes van bedrywighede.

Behalwe so net ná agt elke oggend.

Dít is wanneer die *Indaba Daily News* afgelewer word. Dán kom alles tot stilstand. Almal lees eers die Indaba se eie koerant wat oornag op die perseel die lig gesien het.

" 'n Marathon in kommunikasie," noem me. Louise Emerton dit. Dié mediaghoeroe was een van die beoordelaars in die SA Publication Forum se wedstryd vir korporatiewe publikasies, wat onlangs erkenning gegee het aan die *Indaba Daily News*.

Die publikasie is nou tien jaar oud en word uitgegee deur Junxion Communications, 'n klein maar gerekende skakelmaatskappy in die toerismebedryf.

"Dit is een van die grootste items op ons jaarprogram en begroting," sê mnr. Ben Rootman, wat saam met sy vennoot, mnr. Martin van Niekerk, Junxion se leisels hou.

Die *Indaba Daily News* het in 1998 ontstaan toe Satoer, voorganger van SA Toerisme, Van Niekerk versoek het om die publikasie te hanteer.

Hy het die uitdaging aanvaar, sonder om te besef dat hy nie net die redaksionele kant nie, maar ook die advertensies sou moes hanteer.

"Ek was uit my verstand uit gestres" oor dié publikasie, wat toe vier uitgawes beslaan het van vier bladsye elk, met 'n advertensie op die voorblad en 'n fotoblad, sê Van Niekerk.

Vanjaar was daar vier uitgawes van 20 bladsye elk.

Die sakemodel is eenvoudig.

Junxion kry die mandaat van SA Toerisme om *Indaba Daily News* uit te gee. SA Toerisme, aan wie die Indaba behoort, kry ruimte op bladsy een en drie en keur die res van die inhoud goed.

Junxion kan advertensies werf en moet self sorg dat sy koste daaruit gedek word. Enige oorskot is vir sy eie sak.

Die voorbereiding begin in November vir publikasie tydens die Indaba in Mei. Dan kry Junxion die databasis van al die uitstallers van Kagiso Exhibitions & Events, wat die Indaba namens SA Toerisme reël. Hy bespreek die fotograaf, kry kwotasies vir die drukwerk en stel die advertensietariewe vas.

Vroeg in Januarie gaan die eerste brief uit aan alle potensiële adverteerders. Besprekings sluit einde April, sodat die getal bladsye bepaal kan word.

Dié inligting gaan na die drukker, Colour Planet in Durban, wat dan uitwerk hoeveel papier nodig sal wees.

Junxion se span het nog nooit hul staatmakerdrukker ontmoet nie. Hulle werk deur 'n makelaar, mnr. Basil Norris, wat daagliks tydens die Indaba die diskette kom haal en na die drukker vat.

Hulle het 'n koerantkantoor op die Indaba-perseel met drie persoonlike rekenaars en een Apple Mac vir die grafiese ontwerper.

Daar is elke dag twee spertye.

Omstreeks 16:00 begin die drukwerk aan die binneblaaie, en om 21:00 sak die buitenste agt blaaie.

Die redaksie begin elke dag met 'n nuusvergadering. 'n Pro forma-eksemplaar word die vorige aand deur die grafiese ontwerper opgemaak, maar daar is altyd 'n kans dat advertensies nog op die nippertjie kan bykom.

Die tegnologie het dinge ook al makliker gemaak. In die eerste paar jaar voor digitale kamera's het fotografiestudente films heen en weer na die fotolaboratoriums geneem vir ontwikkeling.

Indaba-gangers wat redaksionele bydraes lewer, verskaf dit deesdae per e-pos of op 'n geheuestafie. Dít spaar tyd omdat dit nie ingetik hoef te word nie.

As die laaste disket oorhandig is, soek die *Indaba Daily News* se span van ses die naaste restaurant vir kos en 'n glas wyn en dan is dit bed toe.

Die volgende oggend klok hulle weer om 8:00 in.

Studente van die Durbanse instituut vir tegnologie versprei vroeg-vroeg 5 000 eksemplare van die vorige dag se harde werk. Terwyl Indaba-gangers lekker lees, begin die pylvak vir die volgende uitgawe .

Indaba Daily News het egter nou 'n kruispad bereik. Hy kan nie nóg groter sonder om die span uit te brei nie. Junxion sal moet besluit of hy hom wil hou soos hy is of die hele onderneming wil vergroot.

Vir Junxion het die *Indaba Daily News* baie goeie deure oopgemaak.

Dit het die agentskap strategies in die hart van die toerismebedryf geplaas en reeds gehelp dat die maatskappy 'n soortgelyke mandaat gekry het om 'n ander publikasie tydens Meetings Africa uit te gee. Dit is SA Toerisme se jaarlikse konferensie vir saketoerisme wat in Februarie in Sandton plaasvind.

Indaba Daily News het by die SA Publication Forum sy stem dik gemaak tussen grootmenere soos Ou Mutual en Sasol se bedryfspublikasies, hoewel hy baie strenger spertye het.

By Indabagangers is daar egter al tien jaar lank geen twyfel nie. 'n Indaba-oggend begin met die *Indaba Daily News*.

'n Marathon in kommunikasie: 'n Uitgawe van die *Indaba Daily News*.